**PUBLIEKE OPE DAG EN BELANGHEBBENDE VERGADERING, RAKENDE DIE VOORGESTELDE KUDU INTEGRASIE PROJEK, TE GARRIES, OP 9 FEBRUARIE 2006**



| | | |
|---|---|---|
| 1. | **ATTENDANCE**<br>C.J.H. Paulsen (CP) — 027 219 1552<br>J de V. (Kobus) Kritzinger (KK) — 072 456 8848<br>J. Rheeder (JR) — 082 455 5512<br>S. Davids (SD) — 021 799 8655<br>J.L. van Deventer (JvD) — 082 925 5964<br>H.K.J. Kohrg (HK) — 082 563 0903<br>G. Nel (GN) — 082 874 1910<br>V. Donaldson (VD) — 082 432 1083<br>I. Aukamp (IA) — 082 828 0668<br>J. Geering (JG) — 083 632 7663 | |
| 2. | **VERWELKOMING**<br>G. Nel (GN) het almal by die vergadering verwelkom. | **TERUGVOER** |
| 3. | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>GN het agtergrond inligting rAkande die voorgestelde projek, asook die deelname van die belanghebbende partye in die vergadering verduidelik.<br>Daar is aan die vergadering gevra waar die mees geskikte plekke vir die plasing van verslae vir hersiening sal wees.<br><br>PowerPoint voorlegging deur GN en J.Geering (JG). Aangeheg as bylaag. | Biblioteke<br>Poskantore<br>Persoonlike kopiee |

| 4. | PUBLIEKE TERUGVOER | REAKSIE |
|---|---|---|
| 4.1. | H. Kohrg (HK) het genoem dat daar reeds 'n bestaande 220kV lyn is en wou weet waarom die nuwe 400kV lyn nie binneland toe kan loop en dan deur Boesmanland afkom nie. | JG het verduidelik dat daar tans drie Eskom lyne Kaap toe loop, met 'n vierde wat bykans eksklusief die Sishen-Saldanha lyn bedien. Die bestaande 220 kV lyn voorsien krag aan Namibië, Port Nolloth en ander dele van die Noord Kaap. Die opsie wat HK voorstel, is oorweeg, maar nie as prakties beskou nie, aangesien dit elektrisiteit van die ladings sentrum af wegneem, en nie nader bring nie. Daarmee saam, gaan te veel kapasiteit verlore oor lang afstande. Nog 'n opsie wat oorweeg is, is om die bestaande serwitute te gebruik, maar dit lei tot dieselfde probleem – verlies van kapasiteit - en dan sal 'n kapasitor stasie teen groot addisionele koste gebou moet word. Hierdie opsie sal slegs oorweeg word as daar 'n fatale fout in die ander opsies gevind word. |
| 4.2. | HK het geantwoord dat bewarings liggame in Namakwaland en die Knersvlakte nie méér versteuring in die gebied wil sien nie, en wou weet wat prys gegee word ten koste van die natuur. | |
| 4.3. | J. van Deventer (JvD) het navraag gedoen of die konsultante en Eskom bewus is van die beoogde uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke, en genoem dat dit binne die volgende jaar gefinaliseer sal wees. Die Namakwa Nasionale Park sal dat tot teen die see loop, met slegs 'n smal korridor langs die Skilpadberg wat nie in die park sal val nie. | JG het bevestig dat Eskom wel bewus is van die beoogde uitbreidings. Hy het bygevoeg dat dit feitlik onmoontlik is om die beoogde kraglyn teen die N7 te bou. Die bergagtige terrein maak konstruksie moeilik en 'n sekere afstand moet vanaf die nasionale pad gehandhaaf word. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4. | HK het weer versoek dat die lyn eerder in Boesmanland gebou moet word, aangesien dit makliker bereikbaar is as die Richtersveld, Namakwaland en die Knersvlakte. | |
| 4.5. | J. Rheeder (JR) het genoem dat hy van mening is dat die mense verder suid ook by die projek betrek moet word. Hy het bygevoeg dat die Knersvlakte feitlik onrehabiliteerbaar is. Hy het navraag gedoen oor wie die ekologiese is wat die plant opname gaan doen en wou die versekering hê dat dit 'n kenner van die plaaslike plantegroei is.<br>JR het beklemtoon dat 'n kraglyn deur die Knersvlakte ontoelaatbaar is. | GN het verduidelik dat die Omgewings Bestek Opname deur 'n span spesialiste gedoen word, en dat die spesialiste beslis van plaaslike kennis gebruik maak. Hy kon nie met sekerheid sê wie die betrokke spesialis is nie, maar het onderneem om terug te kom na die vergadering met die antwoord. |
| 4.6. | JG het versoek dat die betrokke partye hulle toekomsplanne en kaarte van die area wat hulle toekomstige uitbreiding aandui aan die projek span beskikbaar stel om te verseker dat dit in ag geneem kan word in die bepaling van die mees geskikte roete vir die lyn. | JR het die voorstel ondersteun |
| 4.7. | GN het versoek dat die betrokke partye dit op skrif stel. | JR het genoem dat 'n omvattende verslag gedoen word deur Phil Des Smith. Hierdie verslag sal elektronies aan die projek span beskikbaar gestel sal word. Hy het genoem dat sekere areas as beoogde Wildernis gebiede opsy gesit is. Hy is van mening dat al die betrokke partye om 'n tafel moet sit en die opsies moet oorweeg, eerder as om dit bloot op skrif te stel. Hy het sy bekommernis oor die plantegroei benadruk. |
| 4.8. | JvD het bygevoeg dat hy voel dat die kusvlakte beskerm moet word. | |

| | | |
|---|---|---|
| 4.9. | S. Davids (SD) het genoem dat die omgewing buite die park ook baie sensitief is, veral die bergagtige dele waar daar ook vleilande is, is ekologies geweldig sensitief. | JG het verduidelik dat Eskom nie gretig is om 'n lyn langs die kus te bou nie, aangesien roes 'n groot probleem is. Dit kan egter tegnies oorkom word. As die lyn op die kusvlakte gebou word gaan dit steeds op die punt van die park, deurkom. |
| 4.10. | JvD het genoem dat die park tot teen die Buffelsrivier loop. | |
| 4.11. | JG het verduidelik dat dit finansieel nie lewensvatbaar is om 'n te lang lyn te bou nie. Daar moet op alle vlakke onderhandel word om te verseker dat 'n kompromie bereik kan word. | JR het aangedui dat sekere areas ononderhandelbaar is. Daar is egter areas soos die buffer area om die Knersvlakte, waar 'n kraglyn onderhandelbaar is. |
| 4.12. | K. Kritzinger (KK) het genoem dat die nuwe parke oor groot areas beoog word, en dat dit die Weskus insluit. | GN het beklemtoon dat dit belangrik is vir al die partye om bymekaar te kom en al die faktore wat in ag geneem moet word, te bespreek. |
| 4.13. | JG het die mening gelug dat rehabilitasie altyd moontlik is indien genoeg geld daaraan spandeer word. Daarmee saam moet behoorlike beplanning gedoen word. Vir elke projek word 'n onafhanklike Omgewings Beheer beampte aangestel om te verseker die rehabilitasie en konstruksie volgens plan verloop. | JR het gesê dat hy van mening is dat die grootste impakte op die Knersvlakte visueel en ekologies sal wees. |
| 4.14. | JG het aangedui dat volgens sy opinie die visuele impak die kleinste sal wees as die lyn teen die voet van die berg loop. | |

| | | |
|---|---|---|
| 4.15. | KK het genoem dat daar anonieme oproepe ontvang word waarin die publiek kla dat Eskom besig is met konstruksie en in die proses die plaaslike plantegroei verwoes. Natuurbewaring is aan die ontvangkant van sulke oproepe. Die oproepe is ontvan van Bitterfontein, Kliprand en Hartebeesfontein waar Eskom lans besig is met 'n projek vir aftappings na boere se plase. | |
| 4.16. | JR het genoem dat 11kV lyne nie onderhewig is aan die omgewings wetgewing nie. Hy het persoonlik nog nooit problem met Eskom ervaar nie. | |
| 4.17. | C. Paulsen (CP) het die feit dat die N7 voortaan as die Cape-Namib Route bekend gaan staan, onder die aandag van die vergadering gebring. Sy grootste bekommernis is die impak van die lyn op toerisme, en veral die visuele impak op die N7. Suid-Afrika is tans besig met internasionale toerisme-onderhandelings, wat in ag geneem moet word. | JG het bevestig dat daar na die ontwikkelings korridor gekyk word en dat dit beslis in ag geneem word. |
| 4.18. | CP het gesê dat die Sishen-Saldanha spoorlyn reeds oor die Knersvlakte loop, en dat die bou van 'n verdere lyn die Knersvlakte verder sal verdeel. | JG het herhaal dat Eskom in ag neem wat reeds op die grond is, en dit opweeg teen die beoogde projek, en dat mitigasie metodes dan ondersoek word. |
| 4.19. | CP het die belang van opvolg vergaderings en tweesydige kommunikasie beklemtoon. Hy is van mening dat al die betrokke partye toegewings sal moet maak ten einde 'n werkbare oplossing te kry. | GN het die vergadering die versekering gegee dat opvolg vergaderings gereël sal word en die geleentheid vir volgehoue kommunikasie geskep sal word. |
| 4.20. | JG het beklemtoon dat baie van Eskom se besluite ekonomies gefundeer word. | |
| 4.21. | SD het weereens beklemtoon dat nie slegs die parke in ag geneem moet word nie, maar ook die bewaringsgebiede rondom die park. | Kennis is geneem |

| | | |
|---|---|---|
| 4.22. | HK het benadruk dat die hele vetplant Karoo ‘n bewaringsgebied is. | Kennis is geneem |
| 4.23. | JR het genoem dat ‘n kompromie tussen bewaring en ontwikkeling getref moet word, en dat alle partye moet saamwerk om ‘n bevredigende oplossing te kry. | Kennis is geneem |
| 4.24. | SD het gevra of die roete-kaarte elektronies beskikbaar is. | GN het onderneem om elektroniese kaarte per e-pos aan Mnr. Davids te stuur. |
| 4.25. | JR het versoek dat ‘n opvolg vergadering in Vanrhynsdorp ook gehou moet word. | GN het onderneem om die opsie te ondersoek, maar is van mening dat dit ‘n redelike versoek is en dat die persone gekontak sal word rakende so in vergadering. |
| 5. | **AFSLUITING**<br>GN het gevra of daar enige verdere vrae is. Nadat daar ‘n aanduiding gegee is dat daar geen verdere vrae was nie, is die vergadering verdaag. | |